Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Moya Combrink**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 20/3/6/1/Timetable notifications to schools
Verwysing: 20230614-5546

Omsendbrief: 0018/2023
Vervaldatum: 09 Desember 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster en reëlings vir November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.*

**Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen**

1. 'n Afskrif van die **finale** rooster (**Bylae A**) vir November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen is ingesluit.

2. Volgens die rooster begin die eksamen amptelik op **Maandag, 30 Oktober 2023** en eindig op **Woensdag, 06 Desember 2023**.

3. Die algemene assesseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) sal op **Maandag, 04 September 2023** geskryf word.

4. Die praktiese eksamens vir Uitvoerende Kunste en Visuele Kunste is geskeduleer vir **Maandag, 14 Augustus 2023** tot **Vrydag, 13 Oktober 2023** en die praktiese eksamen vir Ontwerp vir **Dinsdag, 10 Oktober 2023** tot **Maandag, 23 Oktober 2023**.

5. Die Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) se Vraestel 1 en Inligtingstegnologie (IT) se Vraestel 1 praktiese eksamens sal voor die amptelike begin van die eksamen op **24 en 25 Oktober 2023** onderskeidelik geskryf word.

6. Twee eksamensessies word vir elke dag beplan. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.

7. Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat die eksamen gaan skryf, inlig dat hulle skooldrag moet dra tydens elke eksamen wat hulle aflê. Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (13 Desember 2023) beskikbaar wees ingeval dit, om enige rede, nodig is om die aflê van 'n besondere eksamenvraestel te herskeduleer.

8. Let asseblief daarop dat die datums wat vir die voorbereidende eksamen vir graad 12 aanbeveel word, **Woensdag, 06 September 2023** is en die kontroletoetse vir die ander grade **Maandag, 11 September 2023**.

9. Gewone klasse moet tot **Vrydag, 20 Oktober 2023** voortgaan om soveel moontlik onderrigtyd te verseker, en skole word aangemoedig om die ondertekening van die verbintenisooreenkoms en belofte vir daardie dag te reël.

10. U aandag word gevestig op die volgende belangrike verandering in die bestuur van kandidate wat 'n vakvraestel om enige rede tydens die eksamen misloop: hierdie kandidate sal in die daaropvolgende Mei/Junie-eksamen van die volgende jaar al die vakvraestelle vir daardie spesifieke vak moet skryf.

11. Daar word voorsien dat die nasien van November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen op **09 Desember 2023** sal begin.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamen in November 2023 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-06-26